# Sytze Wierda

## „Gouvernements Ingenieur en Architect" en „Hoofd van Publieke Werken" van die Suid-Afrikaanse Republiek (1887—1900).

### Enkele Besonderhede oor sy Nederlandse Tydperk en Agtergrond (1839—1887)


deur H. M. REX.

Sytze Wierda is gebore op die 28ste Februarie 1839 te Wynjeterp[1] in die Frieslandse provinsie van Nederland, waar sy vader Wopke Wierda, 'n vooraanstaande perdeboer was[2]. As jong seun het Sytze egter geen belangstelling in sy vader se perdeboerdery getoon nie, maar toe alreeds ruim blyke gegee van 'n artistieke aanleg en begaafdheid. Op jeugdige leeftyd het hy hom veral aangetrokke gevoel tot die boukuns en alles wat daarmee in betrekking gestaan het[3]. Sy besondere liefde vir die artistieke in die argitektuur, het gedurende sy hele lewe geblyk. Sy hartstog vir die argitektoniese skoonheid het mettertyd ruim uiting gevind in rustelose skeppende werksaamheid in Nederland en in Suid-Afrika.

As seun het hy saans tot laat gewerk om hom as argitek te bekwaam[4]. In verband met sy opleiding het hyself die volgende vertel: „Myn opleiding was practisch en theoretisch beide, en ik macht al vroeg het voorrecht genieten (in) een positie te geraken, by de reeds verkregen kennis, telkens meerdere te vergaren"[5].

Op die 15de Maart 1862[6], is hy op 23-jarige leeftyd te Drachten in Nederland, in gemeenskap van goedere getroud met Harmina Kamp[7]. Uit die egverbintenis is vier dogters gebore, t.w. Petronella, Hendrika, Anna en Suze[8].

Wierda was 'n lidmaat van die Christelyke Gereformeerde Kerk van Nederland, waarvan Ds. H. de Cock in 1834 die stigter was. Sy streng sedelik-godsdienstige opvattings en lewensbeskouing wat in sy jeugjare by hom ingeskerp is, het dwarsdeur sy hele lewe tot uiting gekom in 'n onbesproke Christelike lewenswandel. Veral in die tydperk toe hy in die



WIERDA'S NAME WILL ALWAYS BE ATTACHED TO THE OLD GOVERNMENT BUILDING IN PRETORIA.
THIS PHOTO WAS TAKEN IN 1903. NOTE THE HORSES IN FRONT OF THE BUILDING.

Suid-Afrikaanse Republiek die Hoofamptenaar was van 'n baie belangrike staatsdepartement en verantwoordelik was vir die besteding van honderdduisende ponde staatsgeld, en gevolglik voortdurend in die versoeking geplaas is om omkoopgeskenke van voornemende kontrakteurs te ontvang, het hy elke aanslag op sy eerlikheid en onkreukbaarheid met die veragting behandel wat so 'n voorstel verdien. Elke poging om hom om te koop — en daar was baie!—het misluk. Wierda se huislike en kerklike opvoeding het vir die Republiek skone vrugte gedra, en sonder vrees vir teenspraak kan daar aanspraak op gemaak word dat Wierda nie alleen een van die bekwaamste, maar ook een van die getrouste en eerlikste hoofamptenare van die Republiek was.

**Wierda se Werksaamhede in Nederland.**

**A. In diens van die Staatsspoorweë.**

Wierda is in Januarie 1866 deur die Nederlandse Ryksregering in die Staatsspoorweë aangestel[9]. Sedertdien was hy tot in 1887 met sy vertrek na Suid-Afrika, onafgebroke belas met die ontwerping, en uitvoering van verskillende werke vir die Staatsspoorweë. Wierda het goeie kennis gehad van die Nederlandse bodemgesteldheid, en op grond daarvan het baie belangrike werke en stasie-inrigtings tot stand gekom. Hy was dan tewens ook in 'n goeie geleentheid om alles wat regstreeks of onregstreeks betrekking gehad het op die spoorwegbou, grondig te leer ken. Verder het hy kennisgemaak met verskillende fabrieke in Nederland, sowel as in ander lande.

Sy eerste aanstelling in die Nederlandse Staatsspoorweë het op die 19de Januarie 1866 in aanvang geneem en wel as „gewoon opzichter" teen 'n jaarlikse salaris van 1,080 gulde, wat op die 15de April 1867 verhoog is tot 1,200 gulde per jaar. Op die 5de Augustus 1867 is Wierda bevorder tot „Opzichter 2e Klasse" teen 'n salaris van 1,300 gulde per jaar. 'n Jaar daarna is sy salaris verhoog tot 1,400 gulde. Sy volgende bevordering, op die 17de Augustus 1870, was tot „Opzichter 1e Klasse," teen 'n jaarlikse salaris van 1,600 gulde, met 'n verdere salarisverhoging na 1,800 gulde op die 26ste Mei 1873. Die hoogste sport, wat rang betref, het Wierda bereik op die 11de Februarie 1875, toe hy, kort voor sy 36ste verjaarsdag, bevorder is tot „Hoofd Opzichter," teen 'n salaris van 2,000 gulde per jaar. Uit die gereelde bevorderings kan die afleiding gemaak word dat sy dienste deur die hoofde van die Staatsspoorweë op prys gestel is en dat hy erkenning gekry het vir sy nougesette pligsbetragting. Nadat hy "Hoofd Opzichter" geword het, is sy salaris daarna nog gereeld jaarliks verhoog, sodat sy salaris op die 28ste Maart 1883 op die 2,400 gulde-kerf te staan gekom het[10].

As „Hoofd Opzichter" en argitek by die oprigting van die beroemde Amsterdamse „Centraal Station," wat in 1887 voltooi is, het Wierda vir

jarelank 'n belangrike werksame aandeel gehad. Vir 'n geruime tyd het hy sy beste kragte daaraan bestee[11].

**B. Wierda as Kerkboukunstenaar.**

Te midde van al sy drukke werksaamheid en veelvuldige pligte by die Staatsspoorweë, het Wierda tog nog genoeg vry tyd gevind om talle privaat persone en verskillende gemeentes van diens te wees met sy tegniese en boukundige kennis. Wierda self het in verband daarmee een en ander meegedeel: „Inmiddels vond ik nog gelegenheid onze Chr. Ger. Gemeente hier en daar by te staan, en van nut te zyn, waar het de bouw van kerken, scholen of pastorien gold, daar zy minder gaarne van moderne architecten gediend wensch te zyn en wanneer eigen krachten te kort schoten"[12]

Kergeboue te Zaandam, Hijum in Friesland, Tilburg, Baarn, Nieuwendyk by Almkerk, 's Hertogenbosch en Emblichheim in die graafskap Bentheim (in 1882) is o.a. volgens sy ontwerpe gebou en almal het van goeie boukundige smaak getuig[13]. Onder al sy drukke werksaamhede het die onvermoeide werker dus nog die tyd gevind om die bgn. kergeboue oor die lengte en breedte van Nederland te ontwerp „en velen daarvan zyn tot op deze dag nog daar als evenzoveel gedenktekenen van de eenvoud, de bescheidenheid en het fyne gevoel van deze begaafde landgenoot"[14].

As kerkboukunstenaar het Wierda veral in die kring van die Christelyke Gereformeerde Kerk—soos dit blyk uit verskillende getuienisse—blykbaar hoë agting geniet en erkentlikheid ontvang. Met warme waardering is van sy ontwerpe gespreek. Wierda was 'n besonder praktiese en bekwame persoon, met hoogstaande karaktereienskappe, wat soos alreeds aangetoon, voortgespruit het uit en die vrug was van sy Christelik-Gereformeerde godsdienstige gesindheid.

In verskillende kerklike blaaie van destyds is daar met lof van Wierda se ontwerpe melding gemaak. So getuig o.a. „De Bazuin," No.40, dd. 7/10/1881: „De Kerkraad der Chr. Ger. Gemeente te Baarn acht zich verplicht om, nu hun kergebouw uit—en inwendig geheel afgewerkt is, een woord van openlyke dank uit te spreken voor de degelyke, zeer uitnemende wyze waarop de architect, de heer S. Wierda van Amsterdam zyn waarlyk vernuftig uitgedacht bouwplan heeft doen uitvoeren. Aller goedkeuring draagt het kerkgebouw weg en geen wonder. Met veel vrymoedigheid wordt hy aanbevolen aan Kerkenraden en Commissien by een voorgenomen kerkbouw. Onze kleine zwakke gemeente heeft bovendien ondervonden dat men in deze architect tevens een broeder vindt.

„Dit kergebouw benevens die van Zaandam en Nieuwendyk en anderen, alsook de onlangs geopende Chr. School te Baarn en eenige villa's bewyzen bovendien dat hy op elk gebied der bouwkunst waarlyk een meester is, die verscheidenheid aan deugdelykheid en schoonheid weet te paren"[15].

Die predikant van die Chr. Ger. Gemeente te Baarn, A. H. Gazelle-

Meerburg, het op die 1ste Junie 1882, ook met lof van Wierda getuig: „De ondergetekende kan met de meeste vrymoedigheid getuigenis geven aangaande de groote bekwaamheid en Christelyke eerlykheid en nauwgezetheid van zynen geliefde Vriend en Broeder de Heer S. Wierda. ZEd. heeft eerst de pastorie der Chr. Ger. Gemeente te Baarn in bestek gebracht en doen op bouwen. En dat was zoo zolied en daarby zoo degelyk en tevens zuinig, daar de financien der gemeente gering waren, geschied, dat (de) Kerkeraad en gemeente niemand anders verkozen toen er behoefte was aan een kerkgebouw. Ook dit heeft ZEd. doen verryzen tot volkomen genoegen en onder de onvoorwaardelyke goedkeuring van allen. Als uiterst bekwaam man achten we hem hoog, als een broeder hebben we hem lief, en door tusschen aannemer en leweranciers gerezen moeielykheden hebben we ruimschoots gelegenheid gehad om zoowel zyne teederheid van geweten voor God als ook zyne takt van handelen, te kunnen waardeeren." Tenslotte is beklemtoon dat die kerk — en ander geboue wat deur Wierda ontwerp is, ruim getuienis lewer van sy vermoë om skoonheid met deugdelikheid en lae koste te verenig[16].

Een van Wierda se bekendste ontwerpe was die kerkgebou met bygebou vir die Chr. Ger. Gemeente van Zaandam, geleë aan die Stationsweg[17]. Die gebou het bestaan uit die kosterswoning en die konsistorie.

Die bouaannemers was M. de Vries Jnr. en J. de Ruiter, albei van Amsterdam. Die bedrag waarvoor hulle getender het was 27,444 gulde, wat 2,052 minder was as waarvoor die argitek beraam het.

Die lengte van die hoofgebou was 23.55 meter en die breedte 17.55 meter, met die lengte van die voorsprong as 11.00 meter, terwyl die breedte van die voorsprong 0.90 meter was.

Behalwe die kerkruimte, was daar in die voorsprong agter die hoofingang, 'n portaal en daarnaas twee bêreplekke of kaste asook agter elke sy-ingang 'n portaal met trap na die gallery, en 'n gallery langs die voorgewel.

Die bygebou het uit eerstens 'n kosterswoning, bestaande uit 'n gang, kamer met 'n „alcove," twee bedstede en twee kaste, kombuis met kas, en 'n „aanregt" met pomp en kelder, bestaan. Verder was daar 'n bêreplek en solderruimte, 'n konsistoriekamer met portaal en deurgang na die kerk, 'n retirade en urinoir en 'n reënbak onder die kombuis.

Die kerkgebou het ruimte gebied vir 76 vaste kerbanke wat as volg gerangskik is: 22 van 3.00 meter lank, 12 van 3.92 meter, 10 van 5.08 meter, 22 van 6.00 meter, en op die gallery 4 van 4.50 meter en 6 van 4.00 meter.

Volgens die tydsbepaling vir die uitvoering van die kontrak, moes die hele kergebou met die bygebou binne 4 maande na die aanvang van die bouwerksaamheid, onder dak wees, en voorsien met die vereiste geute en lood- en sinkbedekking. Van buite moes die geboue geheel afgewerk gewees het. Binne agt maande na goedkeuring (approbatie) moes die voltooide gebou finaal in goeie orde afgelewer word.

Die kerkgebou vir die Chr. Ger. Gemeente te Nieuwendyk by Almkerk, was nog een van Wierda se bekende ontwerpe[18].

Die bouaannemer was die heer De Jongh van Werkendam wat vir die bedrag van 18,600 gulde getender het. Wierda se eie beraming vir die oprigtingskoste van die kerkgebou was 18,300 gulde.

Die hoofafmetinge „buitenwerks boven het plint gemeten" was: Breedte van die gebou: 12.58 meter, en die lengte: 22.29 meter.

Die gebou het 'n portaal agter die voorgewel bevat, met daarbo 'n orreltribune.

In die kerkruimte is voorsiening gemaak vir 46 vaste kerkbanke: 31 van 2.45 meter, 8 van 3.00 meter, 6 van 4.92 meter en 1 van 5.00 meter.

Die voltooide kerkgebou moes op die 1ste Desember 1877 finaal afgelewer gewees het.

Die algemene voorskrifte, vasgestel by beskikking van die Minister van Binnelandse Sake ged. 22 Mei 1876, No. 31, was op die werk van toepassing.

Gedurende die Kersfeesdae van 1886, is een van Wierda se laaste kerkgeboue wat hy in Nederland ontwerp het, ingewy[19]. In 'n koerant-uitknipsel—die naam van die koerant en die datum ontbreek ongelukkig—kom daar 'n uitvoerige verslag van die inwyding voor: „Op een plein, te midde van een ry deftige huizen, verheft zich de ‚Scholtiaanze' (onze gewone bynaam in N. Brabant) kerk. Het front voldoet zeer goed en maakt met de daaraan grenzende pastorie een schoon geheel. In den gevel, boven den hoofdingang, bevindt zicht een ovale steen, waarop met vergulde letters dit welgekozen woord: Het Evangelie van Christus is een kracht Gods tot zaligheid, voor een iegelyk die gelooft. Rom.1.:16b.

„Wie de kerk binnentreedt, wordt getroffen door hare nette, doelmatige inrichting en hare flinke ruimte.

„Aan weerszyden van den kansel bevindt zich een deur. Met de eene komt men in het Militair Tehuis, met de andere in de Consistorie. Zyn er zeer veel militairen, dan wordt van beide kamers, die door openslaande deuren tot één zaal gemaakt kunnen worden, gebruik gemaakt. Boven deze kamers bevindt zich een zeer geschikte woning voor den Concierge.

„Wie het geheel van kerk en pastorie, Militair Tehuis, Consistorie en bovenwoning in aanschouw neemt, brengt hulde aan den architect, den heer Wierda van Amsterdam, die als een wys bouwmeester dit keurig plan heeft ontworpen en veel zorg voor de uitvoering heeft gedragen . . . ."

**C. Wierda as Argitek van School—en ander Geboue.**

Afgesien van kergeboue, het Wierda ook verskillende ander geboue in sy vry tyd ontwerp.

Die heer H. T. Bührmann het tydens sy besoek aan Nederland, in 'n brief aan Vise-president Kruger en die lede van die Driemanskap— waarin

hy Wierda vir 'n betrekking in die Republiek aanbeveel het—o.a. melding gemaak van „een buitengewone menigte van zeer fraaie tekeningen en plannen van gebouwen enz. door ZEd. (d.i. Wierda) zelve opgemaakt"[20].

Wierda het planne ontwerp vir enkele Christelike Skole te Drogten en Baarn, benewens 'n „Evangelisatie gebouw" te Tilburg in Noord-Brabant. Ook pastorieë vir Nieuwendyk en Baarn is deur hom ontwerp[21].

Sy laaste arbeid as argitek in Nederland het in verband gestaan met die bou van die „Instituut Eikenhorst," 'n Christelike Kosskool te Baarn, waarvan die heer G. A. Bosch die Hoof was[22].

Teen die begin van April 1887 is die eerste steen daarvan gelê en 'n koerantberig[23] het o.a. die volgende gemeld: „Het plan van dit gebouw, door deskundigen zelfs uitstekend genoemd, is ontworpen door den architect S. Wierda; de uitvoering ervan is opgedragen aan den laagsten inschryver den heer W. C. Beeremans, beiden van Amsterdam. Het werk moet voor 20 Augustus worden opgeleverd. De plaats, waar het gebouw zal verryzen, ligt in de onmiddellyke nabyheid van 't Station, van het Amalia—en van het Prins-Hendrikpark."

**D. Wierda se verdere Argiteks—en ander Werksaamhede.**

Wierda was ongetwyfeld 'n besonder praktiese, nougesette en bekwame persoon, en in 'n hoë mate begaafd met 'n rustelose skeppingsdrif.

Op die provinsiale tentoonstelling te Drogten is 'n „circulairkachel" (m.b.t. ventilasie) volgens 'n sisteem deur hom ontwerp, met 'n prys bekroon[24].

Wierda het ook 'n ontwerpplan ingestuur vir 'n nuwe Beursgebou te Amsterdam, en van sy ontwerp, tesame met enkele ander uit 'n totaal van 26 ontwerpe, het die Raad aldaar, met lof melding gemaak. In 1883 is 'n Internasionale Prysvraag vir 'n Beursgebou deur die Gemeentebestuur van Amsterdam uitgeskrywe. Dr. H. P. Berlage, die vernuwer van die Hollandse boukuns, het o.a. ook 'n ontwerp ingestuur. In 1885 was daar 'n tweede prysvraag vir die eindwedstryd. Berlage het die vierde prys verower. Intussen is die saak nie verder gevoer nie, totdat in 1897 die nuwe ontwerp van Berlage aanvaar is[25].

'n Tweede ontwerp vir die Beursgebou deur Wierda, is vanweë sy verdienste gepubliseer in „De Hedendaagsche Bouwkunst," 'n publikasie van uitgesoekte ontwerpe, uitgegee deur die firma J. B. Wolters van Groningen.

'n Ontwerp vir 'n Biblioteekgebou van die „Maatschappy ter Bevordering der Bouwkunst" is met 'n accessitprys (d.i. tweede prys) bekroon.


Na aanleiding van 'n werk deur Wierda geskrywe oor die Belgiese Industrie m.b.t. Nederland, het hy van die destydse Nederlandse Minister van Waterstaat, Handel en Nywerheid 'n hoogs gewaardeerde eiehandiggeskrewe brief ontvang, en ewe-eens oor dieselfde werk 'n baie gunstige skrywe van die Belgiese Minister van Openbare Werke[26].

## E. WIERDA se Lidmaatskap van Boukundige Institute.

Op grond van algemeen-erkende verdienstes en prestasies op boukundige en ingenieursgebied, het Wierda lid geword van verskillende Institute. Op die 8ste November 1887 is hy benoem as „gewoon lid" van die „Koninklyk Instituut van Ingenieurs," wat in 1847 opgerig is en sy hoofsetelplaas in 's Gravenhage gehad het.

Op die 25ste April 1894—destyds was hy alreeds Hoof van Publieke Werke van die Suid-Afrikaanse Republiek — is hy gekies as 'n Erelid van die „S.A. Association of Engineers and Architects," wat sy hoofkantoor in Johannesburg gehad het[27].

Toe Wierda op die 1ste November 1887 in sy 48-ste jaar as „Gouvernements Ingenieur en Architect" van die Suid-Afrikaanse Republiek in diens getree het, was hy deur studie en ondervinding, sowel as deur sy uitmuntende karaktereienskappe, besonder goed voorberei vir die moeilike en veeleisende taak wat in die loop van die volgende 13 jaar op hom gewag het. Daardie taak het hy met ywer en nougesetheid verrig. Die werksame aandeel wat hy gehad het in die totstandkoming en opbou van die Departement van Publieke Werke van die Suid-Afrikaanse Republiek, kan sonder veel moeite beskrywe word aan die hand van beskikbare dokumente in ons eie argiewe. Die vrug van sy arbeid in S.A. kan vandag ook nog gesien word in verskillende openbare en private geboue, brûe en monumente.



*Die Arcadia Brug, Pretoria, ± 1902. Architect: S. Wierda*

*(Foto: Epstein, Durban)*

Vir die navorser in S.A. wat in die lewe en werk van Wierda belangstel, bly sy Nederlandse agtergrond en arbeid egter tot nog toe grotendeels 'n geslote boek.

Om tot 'n juiste waardering en oordeel oor Wierda se werk in die Republiek te kom, sal navorsing in Nederland self oor die lewe en werk van Wierda voor sy koms na Transvaal in 1887, gebiedend noodsaaklik wees. Tenspyte van die skamele gegewens tot my beskikking het ek dit goedgedink om nou alreeds enkele lewensbesonderhede oor Wierda se Nederlandse periode onder die aandag van die leserskring van „Pretoriana" te bring.

---

[1] Sterfkennis. Boedel No. 19316/1911, Boedelkantoor, Pretoria. Volgens sy eie mededeling egter by R.2693/87 (Staatsargief, Pretoria) is hy te Hemrich, „in den boerenstand" gebore.

[2] Mededeling van Mevr. van Hoogstraten, Wierda se enigste oorlewende dogter.

[3] Hollandsch Weekblad voor Zuid-Afrika, 25/7/1936.

[4] Mededeling van Mevr. van Hoogstraten.

[5] R.2693/87.

[6] Koerantuitknipsel (naam ontbreek) i.v.m. die herdenking van hulle „25-jarige Echtvereeniging" op 15/3/1887.

[7] Sterfkennis. Boedel No. 19316/1911.

[8] Ibid.

[9] Gegewens i.v.m. sy dienstyd by die Staatsspoorweë ontleen aan sy brief aan Pres. Kruger: R.2693/87.

[10] E.V.R. 129 (Deputatie Stukken): Bylage F, Applicaties, bl. 428.

[11] Holl. Weekblad voor Z.A. 25/7/1936.

[12] R.2693/87.

[13] Koerantuitknipsel (sonder naam), art. geskrywe deur G.A.B., vermoedelik G. A. Bosch, Hoof v/d „Instituut Eikenhorst," 'n Christelike Kosskool te Baarn; vgl. Verw. 22. Vgl. ook R.2693/87.

[14] Holl. Weekblad voor Z.A., 25/7//1936.

[15] Bylaag 4 by R.2693/87.

[16] Bylaag 2 by E.V.R.129.

[17] Vlgs. gedrukte Bestek v/d Kerkgebou te Zaandam, 43 bl., gedruk deur Van-Spanjen Koppenol, Zaandam. Ongedateerd, in elk geval na 1/3/1866: Vgl. bl. 40: Die algemene voorskrifte vasgestel by beskikking v/d Min. van Binnelandse Sake v/d 1ste Maart 1866 No. 177, 3de Afd. is op hierdie werk van toepassing.

[18] Gedrukte „Bestek en Voorwaarden" v/d. „Kerkgebouw te Nieuwendyk," 34 bl., Amsterdam, Apr. 1877.

[19] Koerantuitknipsel, naam v/d blad en datum ontbreek.

[20] E.V.R. 129, Deputatie Stukken, Byl. F., Applicaties, bl. 424 e.v.

[21] R.2693/87.

[22] Koerantuitknipsel, sonder naam en datum, waarskynlik einde 1887, art. geskrywe deur G.A.B.

[23] De Standaard, 6//4/1887.

[24] R.2693/87.

[25] Handelingen en Levensberichten v/d Maatschappy der Nederlandsche Letterkunde te Leiden, Jaarboek 1934-35, bl. 119, Art. deur H. F. van Gelder.

[26] R.2693/87.

[27] Vlgs. sertifikate van lidmaaskap van bgn. verenigings.